DEEL 114 | WEEK 46 | 18 NOVEMBER 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

**MEGA** STORE

# SEDGARS

NOW **OPEN**




## SEDGARS MEGA STORE NOW OPEN

Shoppers can now look forward to the ultimate shopping experience. When the doors of Sedgars open to the public on Wednesday, in their newly build megastore on 2 Leeuwenhoek street Vereeniging.

With the 12000 m² shopping experience under one roof and loads off parking that is intended to give customers a safe, worry-free environment. Don't miss out on their opening specials. What can u expect?

**Clothing:** Women and men's fashion – all the brand names, Sport and Fitness, School Clothing, Work wear, **Cosmetic:** The biggest range of cosmetics and perfume's in South Africa. **Sedgars Home:** Bed sets, lounge sets and dining sets – we deliver nationwide, Linen, **Cellular:** MTN and Vodacom – contracting, upgrades en sales, **Hairdresser:** Have your hair done and cut while doing shopping, **Restaurant and Bakery:** Sit down at Judy's restaurant for a great dining experience, Tip Top Bakery is known for their baking cosines, **Sedgars Sport:** Looking for sport equipment – we got the whole range, **Workwear:** We got u covered with our full range of work wear essentials.Visit the online store for more fantastic deals at www.sedgars.com

**VISIT THE ONLINE STORE FOR MORE FANTASTIC DEALS AT WWW.SEDGARS.COM**


















VISIT THE ONLINE STORE FOR MORE FANTASTIC DEALS A T WWW.SEDGARS.COM







VISIT THE ONLINE STORE FOR MORE FANTASTIC DEALS A T WWW.SEDGARS.COM

DEEL 114 | WEEK 46 | 18 NOVEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Boere angstig oor planttyd



Dit is vir geen boer nuus dat die eerste helfte van die somerseisoen, gedeeltelik uit reën bestaan nie. Hoewel boere nie sommer sal kla oor die reën nie, lewer die seisoen se oorweldigende baie reën heelwat probleme vir boere. Talle boere sit met hul hande in die hare oor die planttydperk wat stadig maar seker besig is om uit te loop. Terwyl diegene wat reeds pitte in die grond het se grootste bekommernis is dat die saad onder die grond moontlik kan stik en vrot word. Saailinge wat reeds opgekom het, loop ook die gevaar om te versuip. Verskeie boere vanaf die Petrus Steyn-distrik vertel dat hulle tot dusver 300mm reën gehad het. Johan van Rooyen, boer van die Petrus Steyn/Heilbron-distrik vertel dat hy vanaf 6 Oktober tussen 260mm tot 300mm reën gemeet het. Hy voeg by dat hulle gelukkig was om 30% van sy landerye klaar te plant. Hy hoop dat die reën 'n bietjie sal kans gee sodat hul volgende week nog pitte in die grond kan kry. "Twee weke raak vinnig 'n maand as dit so aanhoudend reën in die plantseisoen," sê hy.


Arno Smit, wat boer tussen Frankfort en Tweeling, vertel dat hy ongeveer 225mm reën tot dusver gemeet het. Hy noem ook dat hy 40% van sy landerye reeds klaar geplant het. Die laaste 20ha wat hy geplant het, het egter gevrot. Dit sal ongelukkig oorgeplant moet word.

Asof die reën nie genoeg skade vir boere aangerig het nie, is groot dele van die Riemland-area Woensdagmiddag deur hael getref. Rondom 17:00 het 'n haelstorm los gebreek in Petrus Steyn en verwoesting in die gebied gesaai. VKB-onderdele se plafon het begin lek moontlik as gevolg van die hael wat die geute verstop het. Die haelbui het later die Frankfort omgewing ook getref.

Die boere meen dat mens nooit ondankbaar is vir reën nie, maar dat vanjaar se reën elke boer benoud het en uitdagend is om produksie te lewer. Boere hoop dat die reën hul 'n week sal kans gee sodat hul volgende week tyd kan kry om verder te plant.

Heilbron Herald
NEWSPAPER ADVERTS FROM:
50x65mm R165
100x65mm R320
100x131mm R650
150x131mm R940
200x131mm R1150
200x265 R2300
400x265mm R4500
T's & C's APPLY

WE'RE HIRING
A position for a chef / manager opened up at the Distillery.
REQUIREMENTS
Management experience
Kitchen chef experience
Stock control and system managements
Own transport
Drivers license
Please send cv to devrydistillery19@gmail.com


HOME & HECTARE EIENDOMME
Tuis met Vertroue.
Andries Radley
JOU EIENDOM SPESIALIS
andries.radley@homeandhectare.com
079 493 1144
WWW.HOMEANDHECTARE.COM

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451


BKB
www.bkb.co.za

HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
WILGE CHEM
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!



# *Uit die pen:* Week 46 van 2022

Ek hoor gereeld desperate kreune van (helikopter-)mammas: "O, my kind se skooltas is so swaar!" Dan wonder ek wat hulle sou doen met toentertyd se handboeke wat ons moes ronddra.

Dit was 'n uitermate dik boek. Massief. Ek sien op die internet dat dit nog te koop aangebied word, maar kon nie 'n prys daarvoor vind nie. Ek dink dit sou 'n allemintige bedrag kos, want papier is duur. Dalk kan jy dit onthou: 'n Groen handboek met die naam: "Afrikaans my Taal."

Mnr. Parratjie (ja, dit was sy bynaam, hy was 'n dierbare mens), het ons vir twee jaar lank uit daardie boek laat leer. Die een wat jou tas ondrabaar swaar gemaak het. Ons het ritse en ritse afkortings geleer. Sommiges begin met hoofletters, ander het punte, afkortings sonder punte. Daar was taalverskynsels, fonetiek, begripstoetse, taalkonvensies, idiome en nog 'n miljoen ander goed.

Seker omtrent 40 bladsye se idiome. Lieflike taal wat in onbruik verval het. Ons het klastoets op klastoets hieroor geskryf.

Probeer 'n idiomatiese gesprek met 'n jongeling voer: dit werk net nie. Iets soos (om net 'n paar te noem):

"Wie A sê, moet ook B sê, jy is nie konsekwent nie," sê Pieter verontwaardig.

"Pieter, ek is nou regtig moeg dat jy altyd op dieselfde aambeeld moet slaan. Kry net ent!" Louise is nou regtig vies.

"Maar ek verstaan jou glad nie, Louise. Ek wil weet waar ek aan of af is, want jou aand- en môrepraatjies stem nie ooreen nie." Pieter is magteloos.

"Kom ek verduidelik jou: jy was gisteraand so aangeklam dat jy twee rye spore geloop het. Ek wou vanoggend van aangesig tot aangesig met jou daaroor gepraat het, maar jy druk net jou kop in die sand. Drank is jou achilleshiel, weet jy dit?" Louise gooi haar hande in die lug.

"Louise, jy kry al weer die aapstuipe oor niks. Wat gaan aan?"

"Ja, Pieter, gepraat van ape: al dra 'n aap 'n goue ring, bly hy maar 'n lelike ding. Weet jy wat het alles gisteraand gebeur?"

Pieter voel dat Louise besig is om 'n berg van 'n molshoop te maak.

"Jy slaan die bal heeltemal mis: gisteraand het jy my van Pontius na Pilatus gestuur om seker te maak dat ek my beste voetjie moet voorsit, maar daarvan het dadels gekom."

Pieter is nou smoorkwaad, hy kan 'n krokodil oopbek soen.

Jammer, bogenoemde krokodil is sekerlik nie 'n Afrikaanse idioom nie, maar dit het mooi in my storie gepas.

Diegene wat nie idiome verstaan nie, sal iets van die gesprek iewers verloor. 'n Fynere nuanse wat mens nie in gewone taal kan verduidelik nie.

En dan het tye seker so verander dat daar sekere diername wat ons nie meer kan gebuik nie, veral as die toehoorder nie idiomatiese uitdrukkings verstaan nie.

Iedergeval. Een van die idiome wat ek kan onthou, is: "Die lewe is 'n speeltoneel. Elk speel daarin en kry sy deel." Beskrywend, of hoe?

By die skool waar ek was, hou hulle elke jaar 'n Toneelkompetisie. Kan julle onthou dat ek reeds vertel het dat die leerders in 10 huise ingedeel is? Hulle kompeteer op alle gebiede met mekaar: sport, kultuur, insamelings, akademies en enige ander vlak wat iets met skool te doen het. Hierdie toneelstukke word elke aand van 'n sekere week aangebied: afhangend van die duur van die toneelstuk kan daar vier tot vyf huise per aand deelneem aan die toneelkompetisie.

Die leerders doen alles. Geen onderwyser help nie, behalwe met toesig. Die leerders skryf hul eie draaiboek en die huis kies die beste een om te gebruik. Hulle doen hul eie beligting, grimering, regie, byklanke, garderobe en dies meer. Hulle bou hul eie stel. Amper soos hul eie produksiemaatskappy.

Die aand van die optrede is daar 'n paneel beoordelaars: gewoonlik 'n akteur, 'n dosent aan die dramadepartement van die Universiteit en die dramaonderwyser. Die beste draaiboek, beste aktrise, beste byspeler, beste beligting, beste byklanke, noem maar op, word die aand aangewys. Uiteindelik, nadat die paneel deur al die huise se tonele gewroeg het, word die beste van alles aangewys. Natuurlik vir huispunte.

Die huis waaraan ek verbonde was, het 'n interessante toneel geskryf. "Uber. Driving me mad." Dit handel oor die uberbestuurder wat verskillende mense op- en aflaai. Daar is dan gesprekke tussen die passasiers of die enkele passasier en die bestuurder. Die bestuurder het gelukkig vir Siri om hom te help met rigtingaanwysers.

Hulle het plastiekhouers op so 'n manier gepak dat die agterste passasiers effens hoër is as die voorkant. Die arme passasiers moet dan teen die plastiekhouers opsukkel om in die Uber te kom.

Op 'n stadium moet die bestuurder woes stop, en Siri (een van die leerders met 'n boks oor haar getrek: kompleet met die Apple-logo) val van die sitplek af. Toe Siri weer haar sitplek inneem, is haar skerm voor op haar boks gekraak. Haar ou gesiggie is ook sommer hartseer.

Twee van die passasiers stel twee seuns van 'n naburige seunskool voor. Hulle houding is presies soos die seuns wat ek al daar gesien het. Skoolklere, die werke. Hulle bespreek, onder andere, die meisies van ons skool. Tot groot vermaak van die gehoor.

Met die uitklim uit die Uber, skop hulle per ongeluk twee van die plastiekhouers rond, en die volgende passasier kom dit nie agter nie. In die helfte van haar monoloog, kom sy agter dat haar Uber besig is om uitmekaar te skuif. Sy gaan aan sonder om 'n oog te knip.

"And then you can't trust any car manufacturer anymore, nor any Uber driver. Everything is falling apart!"

Sy staan op, skuif die "kar" reg, en gaan aan met haar monoloog. Ja, dis reg, the show must go on.

Wat my laat dink het: Hoeveel keer skuif die lewe ons plastiekhouers rond? Dis jou keuse om die aftog te blaas. Of wil jy perdalks 'n agterdeur oophou vir ingeval die agteros ook in die kraal kom?

# DRIE HOERA'S VIR GROOTOUERS WAT VERJAAR

Om 80 te word is beslis 'n mylpaal wat nie vir almal beskore is nie en wanneer 'n egpaar daardie mylpaal saam behaal, is dit net 'n seën en genade van Bo.

Daarom het die familie van oom Helgard en tannie Alta Claasen besluit dat dié twee se 80ste verjaardae nie ongesiens verby mag gaan nie en op 12 November is daar behoorlik fees gevier. Die feestelikhede het by Donsveertjie Gasteplaas plaasgevind.

Oom Helgard het juis op daardie dag verjaar en tannie Alta sal op 20 Desember haar 80ste reis om die son voltooi.

Jessie Roux, die egpaar se dogter, het gesê dat dit 'n groot voorreg was om haar ouers só te kon bederf. "Ons is omtrent al 'n hele span as al die kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en aangetroudes bymekaar is," het sy geskerts. Vier van die Claasen-egpaar se kleinkinders en een agterkleinkind kon ongelukkig nie die groot feesviering bywoon nie.

Oom Helgard en tannie Alta is inwoners van Huis-Bron-van-Heil op Heilbron. Beide het ook hier skool gegaan en gematrikuleer. Die twee is uit hul huwelik met vier kinders, 12 kleinkinders, vier agterkleinkinders, met twee nuwe pienkvoete nog op pad, geseën.

Roux het vir Albert en Colett Els asook hul kinders en die personeel van Donsveertjie Gasteplaas bedank vir moeite wat hulle gedoen het om die spesiale en besonderse dag onvergeetlik te maak.






*Op die foto vl: Alta en Helgard Claasen.*

# OP REIS DEUR DIE WÊRELD



*Rita Groenewald*



*Rita Bodington*



*Hettie van Tonder*

'n Heerlike avontuur het op lede van die Huppel-Trippelklub van Heilbron gewag toe hul op 'n "wêreldreis" geneem is.

Twee van die lede, Rita Groenewald en Hettie van Tonder, het onlangs oorsese plekke besoek en hul ervarings met die klub kom deel.

Rita was in Turkye en Hettie in Amerika.

Beide se vertellings het gehandel oor wat hul van die lande gesien en beleef het, asook wat hul persoonlike indrukke van ervarings was. Almal het die staaltjies vreeslik geniet en met 'n klein bietjie verbeelding het dit amper gevoel asof jy saam toer.

Tydens die samekoms het tannie Rita Bodington ook twee van die gedigte uit haar pen voorgelees. Sy is bekend vir haar skyfwerk en het al dosyne gedigte die lig laat sien waarvan sommiges selfs al gepubliseer is.

Met 2022 wat op sy rug lê, wag daar nog net 'n paar aktiwiteite op die klub voordat die bedrywighede vir die jaar eers gestaak word.

Op 25 November open die klub se Jukskeibaan.

Die laaste program vir die lede word op 29 November aangebied.

'n Heerlike Kersete word vir 7 Desember beplan.

En op 13 Desember word die jaar met 'n Kersprogram afgesluit.



# KENNISGEWINGS

## ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT – BASIC ASSESSMENT

Notice is hereby given in terms of section 24(g) read together with sections 24(f) of the National Environmental Management Amendment Act (Act No. 107 of 1998 as amended), of a Basic Assessment process that will apply to this project for the following activity:
Application for rectification of unauthorised commencement in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998 as amended), for the construction of a dam on the Farm Weltevreden 411 Heilbron, Metsimaholo Local Municipality, Free State Province.
Ref: 24g/12(i) a/21/15

**PROJECT DESCRIPTION:**
The process involves the assessment of impacts of the constructed dam on the property and to do a rectification application in terms of Section 24G of NEMA.

**PROJECT LOCALITY:**
The dam is located on the remaining extent of the Farm Weltevreden 411 RD and Portion 1 of the Farm Buffelsvlei 18 RD. It is 26km south of Deneysville and 25Km west of the Vaal Dam.

**APPLICANT:**
Jakkalspruit Feedlot

**ENVIRONMENTAL CONSULTANT:**
KEMS Pty Ltd.
Postnet Suite 65, Private Bag x 2, Raslouw,
Tel: 082 570 7072 Email: arno@kems.org.za
To register as an interested and/or effected party, or to obtain more information on the proposed process, please submit your name, contact details and interest in the matter within 30 days of the publication of this advertisement, therefore before end of business on 18 January 2023.

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE DANIEL CASPARUS VAN NIEKERK, Identiteitsnommer: 640913 5010 08 7** in lewe 'n Boer woonagtig te Plaas Welverdiend, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere.
**Datum van afsterwe: 2 September 2022**
**Boedelnommer: 009491/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle
**SALOMON JACOBUS STEYN**
**Identiteitsnommer 510702 5016 08 8,** in lewe van Raubenheimerstraat 135, Heilbron, 9650.
**BOEDELNOMMER: 5207/2022**
**DATUM VAN AFSTERWE: 3 MEI 2022**
Krediteure en Debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderings in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **Vrydag, 18 November 2022**.
**HELMUT BURGER PROKUREURS**
**POSBUS 494**
**FRANKFORT, 9830**
**VERW: H BURGER/db/BS0008**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T4777/2009** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
**In favour of**
**MOSIUOA KHALE SOPHONIA RANTSIENG and NTSOAKI ELIZABETH RANTSIENG** in respect of certain ERF 468, KWAKWATSI, District Koppies, province Free State which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies on 9 November 2022.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**26A CHURCH STREET**
**KOPPIES, 9540**
**056 777 1884**
**koppies@corven.co.za**

**Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 15de Desember 2022 en heropen DV 9 Januarie 2023.**

*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*

**Die winkel sluit die 20ste Desember 2022 en heropen DV 5 Januarie 2023.**

Herald Office National

## ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT – BASIC ASSESSMENT

Notice is hereby given in terms of section 24(g) read together with sections 24(f) of the National Environmental Management Amendment Act (Act No. 107 of 1998 as amended), of a Basic Assessment process that will apply to this project for the following activity:
Application for rectification of unauthorised commencement in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), for the construction of a sheep feedlot on the Remainder of the Farm Weltevreden 411 Rd, Heilbron Metsimaholo Local Municipality Free State Province. Ref: 24g/4(ii),12(b)(ii),27/21/14

**PROJECT DESCRIPTION AND NATURE:**
The process involves the assessment of impacts of the constructed Feedlot on the property and to do a rectification application in terms of Section 24G of NEMA.

**PROJECT LOCALITY:**
The Feedlot is located on the remaining extent of the Farm Weltevreden 411 RD. It is 26km south of Deneysville and 25Km west of the Vaal Dam.

**APPLICANT:**
Jakkalspruit Feedlot

**ENVIRONMENTAL CONSULTANT:**
KEMS Pty Ltd.
Postnet Suite 65, Private Bag x 2, Raslouw
Tel: 082 570 7072 Email: arno@kems.org.za
To register as an interested and/or effected party, or to obtain more information on the proposed process, please submit your name, contact details and interest in the matter within 30 days of the publication of this advertisement, therefore before end of business on 18 January 2023.

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ALBERT SEKHOTO, Identiteitsnommer: 540618 5706 08 6** in lewe 'n Rentenier woonagtig te Perseel 105, Petsana, Reitz, 9810, ongetroud.
**Datum van afsterwe: 29 Junie 2020**
**Boedelnommer: 008207/2020**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ, 9810**

## NOTICE

First and Final Liquidation and Distribution Account in the Estate of the late **JOPIE FOURIE BEYERS DE BRUIN, Identity Number 760618 5150 08 0,** married Out of Community of Property, with the Accrual System, born on the 18th June 1976 and who died on the 28th May 2021, of the Farm Bellary, district Heilbron, 9650.
**ESTATE NUMBER: 5452/2021**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in the above Estate will be open for inspection for a period of 21 (Twenty One) days as from the 18th November 2022 at the offices of the Master of the Free state High Curt, Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
Dated at Parys on the 7th day of November 2022.
**COETZEES ING**
**ATTORNEYS FOR EXECUTOR**
**25 BUITEN STREET**
**P.O. BOX 5**
**PARYS, 9585**
**(REF. DR COETZEE/MP/MAT 7020)**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **TE27177/2000** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
**In favour of**
**MOLATOLI JACOB MOLOTSI**
**Identity number: 530911 5247 082**
**Unmarried**
**In respect of:**
**ERF 1390, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 413 (FOUR HUNDRED AND THIRTEEN) SQUARE METRES HELD BY DEED OF TRANSFER TE27177/2000,** which has been lost of destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 14th day of November 2022.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON**
**9650**
**TEL: 058 852 2816**
**lit@jansenprokureurs.co.za**
**MBA1/0001/JHJ/cm**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**

HENDIE LÖTTER
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**Koppies Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Koppies en naby geleë plase.

Kontak ons vir enige navrae of bystand:
068 338 2916

BAAL / SNY & BAAL ...
**Vir sny-, hark- en baalwerk.**
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

# BETREKKING

**Blignaut & Wessels**
Prokureur / Attorneys

Beskik oor 'n vakature vir 'n
**SEKRETARESSE / TIKSTER**

Die kandidaat moet:
- Rekenaargeletterd wees
- Goeie menseverhoudinge hê
- Selfstandig kan funksioneer
- Taalvaardig wees
- Onder druk kan werk
- Rekeningkundig vaardig wees

**VORIGE REGS-SEKRETARIËLE ONDERVINDING SAL 'N AANBEVELING WEES**

Ons ontvang graag u volledige CV:
bligwes06@gmail.com
Sarel Cilliers Straat 29,
Reitz

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

**Vir die beste transaksies en diens**

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# BRONNIES HOU SKOOL SE NAAM HOOG



*KISHOU: Die Werner Joubert Tennisakademie se Future Feds Tennisliga vir rooibaanspelers het hierdie jaar met hul sesde jaarlikse eindstryd afgesluit. Die Hoërskool Heilbron se twee seunspanne het op Saterdag 12 November aan die uitspele deelgeneem en beide ligas as oorwinnaars uit die stryd getree. Tydens die liga het ses skole deelgeneem waarvan daar 110 gr. 1 en gr. 2-leerders in totaal deelgeneem het. Daar is geen twyfel dat die jong manne hul skool se naam hoog hou nie.*

Op reis na (n)êrens
en briewe aan dominee Braam
BESKIKBAAR BY HERALD OFFICE NATIONAL
TEEN R150 KONTANT
VANAF 21 NOVEMBER 2022
Bepalings en Voorwaardes geld

NGWATHE MUNICIPALITY

PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **3rd Supplementary Valuation Roll** for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period **01 November 2022** to **30 November 2022**, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas:

| | PARYS | HEILBRON | VREDEFORT | KOPPIES | EDENVILLE |
|---|---|---|---|---|---|
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWN | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office |
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP | Customer Care Office: Tumahole | Customer Care Office: Phiritona | Customer Care Office: Mokwallo | Customer Care Office: Kwakwatsi | Customer Care Office: Ngwathe |
| LIBRARY IN TOWN | Help desk: Parys Library | Help desk: Heilbron Library | Help desk: Vredefort Library | Help desk: Koppies Library | |
| LIBRARY IN THE TOWNSHIP | Help desk : Thutong and Schonkenville Library | Help desk : Phiritona and Sandersville Library | Help desk : Vredeshoop Library | Help desk : Kwakwatsi Library | |

In terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices. The completed form/s must be returned to:

*Chief Financial Officer*
*Ngwathe Local Municipality*
*Valuation Roll*
*P.O. Box 359*
*PARYS*
*9585*

*Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Care Offices*

For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700.

N. T. BALENI (MRS)
**MUNICIPAL MANAGER**



# TROMPOPPIES BRING HOOP VIR JONG MEISIES

*Hiermee word die nuwe groep trompoppies in Sandersville voorgestel aan die gemeenskap van Heilbron. Die rede vir die ontstaan van die groep is om jong meisies bloot te stel aan verskillende omstandighede. Sodoende sal hulle meer lewenservaring opdoen om beter keuses in die lewe te kan maak. Die doel is om kinders so besig te hou dat daar nie tyd is vir kwaad doen en kwaad stook nie. Deur by die trompoppies betrokke te raak handhaaf dit 'n gebalanseerde leefstyl met positiewe resultate.*
*Agter vl: Faith Witbooi, Leshandrè Cooper, Sheidean Tafel, Shan Miller, Blanche Angu, Cezdean Smit, Ashlyn Visagie, Lethanya Witbooi, Roxanne van Rooi en Jessica Koadibane.*
*Middel vl: Devazade Witbooi, Loricka Williams, Mikayla Schoeman, Quorelle Jacobs, Kayla Magerman, Bonnie Slaters, Yui-dene Mienie, Jadine Witbooi en Allison Esterhuizen.*
*Voor vl: Abigail Norkee en Leticoha Duiker. Inlas: Tanique Ruiters en Chelsey Maarman.*



# LEERDERS VAN KOMANDO DRAGONS KARATE PRESTEER

*GEVEGKUNS: Leerders van die Komando Dragons Karate skool op Reitz het onlangs hul laaste gradering vir 2022 voltooi. Die leerders het die volgende prestasies behaal:*
*Wilhem Nel - Geel 1 met rooi streep; Ruben en Andre van den Berg – Geel 2; Johan Oosthuizen – Oranje 1; MJ Botha, Liyema Diyosi, Luan Gouws, Elsje Kotzee, Siya Mlangeni en Issabella Swanepoel – Oranje 2; Henco de Winnaar - Groen 2; Drian Oosthuizen - Blou 2; Danlo Kriek en Tara-Jade Uitenweerde – Pers 1; Hercus Viljoen – Bruin 1.*



VAKATURE: JUNIOR & SENIOR PERSONEEL
P & V
Potgieter & Vennote

Verantwoordelikhede
- Data vaslegging
- Prosesering van data en rekonsiliasies
- Kantooradministrasie (liasering, tydstate byhou)
- Opstel van finansiële state
- Indien van belastingopgawes

Vaardighede sal voorkeur geniet:
- MS Office (Excel, Word)
- Rekenaar vaardighede
- Goed georganiseerd en gefokus
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Afrikaanssprekend

Aansoeke sluit 30 November 2022
Adres: Breëstraat 33, Heilbron, 9650
CV: jurie@jgpotgieter.co.za
Navrae: Kontak Jurie by 058 853 3001
CA(SA)

# HEILBRON FYNPROEWERS HOU KERSETE

Die jaar stap vining einde se kant toe en só was dit dan ook tyd vir die Heilbron Fynproewers se jaarlikse Kersete.

Verlede Vrydag, 11 November, het die gilde by Donsveertjie Gasteplaas byeengekom. Die tafels is feestelik deur Collette Els gedek en 'n vrolike atmosfeer het deurgaans geheers.

Terwyl die reënweer die geselskap kans gegee het om 'n pragtige sonsondergang buite op die grasperk te geniet, het die voorsitter, Jeff Roos al die gaste verwelkom.

Pastoor Derick de Lange het 'n gepaste boodskap en heildronk rondom Kersfees ingestel. Daarna het die feestafel met heerlike kos wat deur Dawn Wessels voorberei is, op die gaste gewag. Die spyskaart wat bestaan het uit heerlike skaapboud, hoenderpastei, soetwortels, broccoli-gereg, pampoenpoffers en goudbruin gebakte aartappels, afgerond met 'n keurige slaai, was voorwaar 'n feesmaal. Swartwoudkoekstruif met 'n kersielikeursous is as nagereg bedien en almal was dit eens: "Dit proe soos Kersfees!"

Die feesmaal is afgesluit met 'n koppie boeretroos waarna almal stadig weer begin huiswaarts keer het.

Die Heilbron Fynproewersgilde wens almal 'n baie geseënde Kersfees toe. Die geselskap se bedrywighede hervat weer in Februarie wanneer die "verrassingstafel" op almal wag.



*Op die foto agter vl: Alwyn Swart, Willie Cronjé, Pastoor Derick de Lange. Voor vl: Izerka Swart, Christine Cronje en Joané Bieske.*



*Op die foto vl: Paul en Madri Bergh, Bennie en Lizette Roets en Danie en Susan Bornman.*



*Op die foto vl: Sakkie van der Westhuizen, Connie van Niekerk, Riaan Agenbag, Chris Labuschagné, Gideon Malherbe en Jeff Roos.*

# TEESTEL WÉÉR TE WEN

Lede van die Vrystaat-Versorging in Aksie (VVA) het onlang 'n kompetisie geloods waartydens 'n pragtige teestel gewen kon word. Die kompetisie het as fondsinsameling gedien en belangstellendes kon lootjies teen R20 koop.

Die gelukkige trekking het op 11 November plaasgevind en Pieter Groenewald, van Heilbron, het die teestel gewen.

Hy het egter besluit om die prys weer aan die VVA terug te gee.

Die teestel sal nou aanstaande jaar weer as fondsinsameling uitgeloot word.

Ina Slabbert en haar VVA-bestuurspan het hul opregte dank teenoor die gemeenskap uitgespreek vir bydraes tot die projek. Sy was ook vol lof vir almal wat hul pannekoekdag ondersteun het.



*Op die foto voor vl: Johanna van Jaarsveld en Pieter Groenewald. Agter: Jacomien Harmse.*







***NUWE "VULLISHOOP" IN VEGKOP:** Terwyl AfriForum die jaar hul bes probeer het om Heilbron skoon te hou, is daar wel inwoners wat nie die voorbeeld volg nie. Kobus Weilbach, 'n ontstelde inwoner van die Vegkopuitbreiding het 'n foto op Facebook geplaas waar daar 'n klomp rommel op 'n oop veld in Vegkop gestrooi is. In Langmarkstraat, naby die taxi-staanplek, is ook vreeslike baie vullis. Dieselfde toneel is ook by die Museum te sien. "Die inwoners van Heilbron behoort hulself te skaam. Dit is ons verantwoordelikheid om te verseker dat jyself asook jou werknemers nie jou vullis op 'n hoop in 'n oop veld stort, nie" vertel 'n Heilbroner. Met die koms van ons dorp se 150ste bestaansjaarvieringe, aanstaande jaar, word daar gehoop dat die onverantwoordelikes wat hul vullis onwettig stort, gou hul fout sal agterkom en die regte ding doen.*

# SEDIBA-THUTO SECONDARY SCHOOL HAS BEEN VANDALIZED

Sediba-Thuto Secondary School has been vandalized twice in the past two weeks. The burglaries took place on Thursday night the 10th of November as well as on the 14th of November. Several items were stolen during the time of burglary such as office lap tops, learners monitors, new Samsung monitors and confiscated cellphones of learners. The principal of the school humbly encourages the community to inform the police if they come across anyone in possession of selling these items.



HERALD

VALID FROM 21 - 28 NOVEMBER 2022
BLACK Friday BEST OFFERS

1000x Vinyl Stickers 50x50mm
Normal Price @ R995 Incl Vat
NOW @ R795 INCL VAT
includes design
round / square

1000x Business Cards 90x50mm
Normal Price @ R1100 Incl Vat
NOW @ R880 INCL VAT
double sided
includes design

1x Colouring Book 304 page
Normal Price @ R40 Incl Vat
NOW @ R32 INCL VAT

1x Newspaper Advert 100x131mm
Normal Price @ R780 Incl Vat
NOW @ R625 INCL VAT
one publication
includes design

44 Els street, Heilbron
Heilbron Herald
058 852 3033
marketing@heilbron.co.za

# KERKSTRAAT SE BAKEN TOT NIET



*Gerald Rademeyer het Maandag besluit om die 20 meter hoë boom in sy erf in Kerkstraat af te sny. Die rede daarvoor, voer hy aan, dat die boom weerlig trek. Dit is ook van te vore al raakgeslaan en het skade aan sy elekroniese toestelle veroorsaak.*

Herald Office National
HERALD OFFICE NATIONAL
A2 DESKPADS @ R25 EACH
IN STOCK NOW!!
058 852 3033

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 21 NOVEMBER 2022
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DINSDAG - 22 NOVEMBER 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
WOENSDAG - 23 NOVEMBER 2022
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
STANDERTON Vetvee veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
STANDERTON Maandelikse Varke veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
STANDERTON Maandelikse Aanteel veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
DONDERDAG - 24 NOVEMBER 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 25 NOVEMBER 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Indien u in ons spesiale Kersuitgawe van 15 Desember wil adverteer kontak
HENDIE LÖTTER
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

Back 2 School
CATALOGUE
AVAILABLE IN STORE
Bring your schoollist and get the stationary for 2023 as easy as 1, 2, 3!
Contact us for more info:
heraldoffice@heilbron.co.za
058 852 3033
Or visit us at
44 Elsstreet, Heilbron

PORTABLE FIRE EXTINGUISHER
AVAILABLE IN 550ML
Home Car Dual Purpose
Cold & Heat Resistant
Environmental friendly & Nonn-Toxic
FIRE STOP
Office National
R50 EACH
058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
THE EPITOME Lea OF DESIGN
GROOT OPENING
26 NOVEMBER
08:00 AM
13:00 PM
2022
KERS - EN PLANTSEISOEN BEDERFIES
Dit is met groot opgewondenheid dat Platteland Apteek u nooi na n uitstalling deur LEA
063 721 4950
087 527 0723

OOM JOKKIE se DAM POEDING
- Modderbek
- Karp
- Geelvis
GEHEIME RESEP
Vang daai groot visse met hierdie beproefde resep
Skakel ons
072 476 4272
dampoeding@gmail.com